Waterkruik

JAARGANG 56 NO 4 27 Januarie AD 2019

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: 27 Januarie

Bybelverspreiding

Doel: Om die Bybelgenootskap van SA by te staan met die druk en verspreiding van Bybels.

Sondag: 3 Februarie

Teologiese Studentekas

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 17 & 18
Ouderlinge: Wihan Oosthuizen en Jaco Lindeboom
Diaken: Dian van der Walt

Volgende Sondag: Wyke 19 & 20
Ouderlinge: Tinus Erasmus en Douw Breed jnr.
Diaken: Braam Smit

TEESKINKBEURTE

Vandag is dit die beurt van wyk 12 o.l.v. An Venter om tee en koffie te bedien. Baie dankie.
Sondag 27 Januarie is dit die beurt van wyke 19 & 20 o.l.v. Clarisse Venter en Elize Breed om tee en koffie te bedien.

BREË KERKRAAD

Die Breë Kerkraad vergader Woensdag 6 Februarie 2019 om 19:00 in die saal.

DIAKENSVERGADERING

Die diakens moet daarop let dat die Diakensvergadering skuif van 20 Februarie 2019 na Dinsdag 19 Februarie.

Program vir die week

Maandag

Katkisasie vir hoërskoolleerders soos gereël.

Donderdag

Bybelstudiegroepe
08:30 Groep 1: In die Konsistorie
09:30 Groep by Nasarethhuis
10:15 Groep 2: In die Konsistorie
18:30 Groep 3 by die Pastorie
19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.
Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.
"Ken Hom in al jou weë, dan sal Hý jou paaie gelykmaak." Spreuke 3:6

Dinsdag 29 Januarie

Br. Willie Coetzer 083 504 3842
Br. Durand Pelser 012 347-6114
Venter van Wyk (15) 060 993 3477

Woensdag 30 Januarie

Br. Fritz Kleynhans 082 885 0405

Vrydag 1 Februarie

Br. Skip Scheepers 082 372 2138

'n Besonderde gelukwense aan br. Willie Coetzer wat Dinsdag sy 80ste verjaardag vier en br. Skip Scheepers, 'n nuwe lidmaat, wat Vrydag sy 92ste verjaardag vier. Ons bid u die Here se ryke seën toe op die nuwe lewensjaar.
Mag julle 'n mooi dag saam met julle geliefdes ervaar.

ROEPING VAN DIAKENS

Die volgende broeders en susters is geroep om as diakens te dien:
srs. Annelien Breed, Elmarie Erasmus, Corrie Zwemstra, Xandra du Plessis en brs. Jano Smith en Steve Chambers (jnr).
Ons vra u voorbidding vir hulle met die oorweging van die roeping.

ATTESTATE

Attestate ontvang.

Ons het die volgende attestate ontvang en heet almal hartlik welkom in ons midde. Br. en sr. Carel en Corrie Kruger het van Pretoria gemeente by ons aangesluit, br. Johan Scheepers het van Brooklyn by ons aangesluit en sr. Mina du Plessis van Brits-Wes af. Sr. Mina kan ongelukkig nie meer die eredienste bywoon nie.
Baie welkom! Ons vertrou dat julle sommer gou tuis sal voel by ons.

Attestaat vertrek

Sr. Chrina van Staden vertrek met attes na die Gereformeerde Kerk Kaapstad.

MEELEWING

Mag julle almal 'n geseënde week tegemoet gaan.

AANDAG!!! BROERS EN SUSTERS!

Ons gaan besoek kry. Van 'n Griek.
Hy sê hy kom 18 Mei 2019. En hy het allerhande **verrassings.** Al wat ons moet doen, is om teenwoordig te wees.
Teken dus aan: Saterdag 18 Mei 2019 moet jy die Griek ontvang.

KUIERKAFEE

Hoera!! Nog twee slapies!!
Kuierkafee vir nuuskierige agies. (*Dinsdag 29 Januarie 2019 om 10:00*).

Ja, hierdie keer, lê als in die weer.
'n Kerk op ons hoek!!
Verrassing, nog een op die ander hoek.

Dr. André van Niekerk, van die ander hoek se kerk kom met ons praat, oor wat is ons instaat oor ons posisie, met ***2019 en ons Visie***.
(Lees ook Deut. 6.)

Dit gaan weer `n heerlike gesellige kuier wees met `n lekker koppie tee/koffie en iets te ete. Indien iemand vervoer benodig, skakel asseblief vir An Venter (079 679 0002) of vir navrae Rika le Roux (082 675 0979).

Sien julle daar!!!

Rika le Roux

BREI-PROJEK **President Krugerkinderhuis**.

Terwyl ons smag na 'n bietjie koel lug, het ons die troos dat die winter om die draai is. En dis weer die tyd om ons breinaalde en hekelpenne uit te haal.
Hierdie jaar brei ons weer vir Reddersburg en dis koud daar!!!
Op hulle verlanglysie is serpe, musse, handskoene, slaapsokkies, beertjies of ander sagte speelgoed en hierdie jaar ook truie. Hulle het ook aangedui dat dit vir die kleiner kinders kan wees: vanaf 5 jaar tot so 12 jaar.
Ons begin die jaar baie goed, want ons het alreeds heelwat donasies gekry van truie en 4 pragtige poppe.
Ons bede is dat ons weer, soos in die verlede, oorval gaan word met skenkings.
By voorbaat dankie vir al die lekker saamwerk.Patrone is by my beskikbaar as u dit nodig het.
Ria Stoker
Soli Deo Gloria

SUSTERSNUUS

Goeie môre liewe Suster,
Jy is seker nou al goed aan die gang met die jaar se bedrywighede. Hier kom nou ietsie by wat jy ook asseblief moet aanteken:
Jou wyk gaan DV weer `**n beurt** kry om by `n **funksie** betrokke te wees. As alles volgens plan verloop, gaan ons jaarprogram soos volg wees:

Afskopaksie: 24 Feb
Wyke 3, 4, 12, 14.

18 Mei: Gemeente fondsinsameling
Wyke 6, 7, 8, 18, 20.

"High tea": 26 Mei
Wyke 9, 11, 25, 26.

Kersprogram: 10 Nov.
Wyke: 5, 17, 18, 19, 23, 24.
Ons sien uit om weer saam met jou te werk, ons funksies is elke jaar ‘n groot sukses, danksy jou deel.

Groete
Sustersbestuur.

SUSTERSSAAMTREK

Die susters van die **Gereformeerde Kerke Oos-Moot** en **Die Kandelaar** nooi julle hartlik uit na die saamtrek vir die Pretoria-streek.

DATUM EN TYD: **Saterdag 9 Maart 2019 om 09:00** (registr)
TEMA: **Om-gee-wingsbewus**
SPREKERS: **Prof. Albert Coetsee** (Teologiese Skool Potchefstroom) & **Annabé Pretorius** (polimeerwetenskaplike en onafhanklike plastiekkonsultant)
PLEK: **NG Kerk Magalieskruin**, Joycelaan 150, Magalieskruin (25.6880° S; 28.2368° E)
KOSTES: **R150 per persoon** (sluit ontbyt en ligte middagete in)
RSVP: **6 Februarie 2019**

Ons ondersteun vanjaar die inisiatief van **Christian Prison Ministries (CPM SA)**. Skenking van basiese toiletware asook onderklere en kouse (*geen luukse items nie*) kan by registrasie in houers geplaas word.

CPM SA is 'n evangeliebedieningskursus wat aan gevangenes gebied word. Met meer as 500 aktiewe studente, en ongeveer 195 vrywillige mentors bring CPM hoop aan baie gevangenes. Vir meer inligting: www.cpministries.org.za

‘n **Kollekte** word tydens die saamtrek gehou ten bate van *Die Vroueblad* en die *Instituut vir Christelike Onderwys*.

Daar sal ‘n paar **stalletjies** wees wat u kan ondersteun: Bring dus beursies saam.

Susters van ander kerke, familie en vriendinne is baie welkom!
Mammas wat borsvoed is welkom om van die moederskamer gebruik te maak.
Ongelukkig word nie voorsiening gemaak vir ander kinders nie: Slegs jonge dames vanaf 12 jaar.

Bespreek voor 6 Februarie by Elize Breed 012 460 0700 of Nienke van der Walt 083 398 9080

SO KRY JY 'N NUWE LEWE (3): GELOOF

Geloof is wat jou van die ongelowiges skei. Die geloofskiem word in die weergeboorte deur die Heilige Gees geplant. Jy kan gladnie uit jouself glo nie. Paulus beklemtoon hierdie feit: *"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God "* (Efesiërs 2:8)

Die werk van Christus is glad nie afhanklik van jou geloof nie. Geloof is 'n gawe van God.Hierdie gawe ontvang jy deur die werking van die Heilige Gees. Die Gees werk deur die Woord om jou geloof tot 'n vertroue in God te laat groei wat kragtig in jou lewe sigbaar word.

(uit Kruispad 42)

ALLERLEI

BYBELPLASINGSTOER na Malawi in Junie

Die Jeugdeputate van die GKSA nooi alle hoërskoolleerders en studente van regoor die land uit om saam Malawi toe te gaan. Ons gaan Bybels uitdeel, oor dissipelskap saampraat en groot pret hê!

Ons vertrek 23 Junie vanaf GK Pretoria-Alkantrant en sal die 4de Julie terugkeer. Verblyf is in tente by Monkey Bay in Malawi. Die koste is R4000 per persoon. 'n R2000-deposito in Februarie sal jou plek verseker!

Moenie hierdie opwindende geleentheid misloop nie! Besoek www.gkjeug.co.za vir meer inligting, of skakel Reynold Fourie (084 707 6276) of Zak Scholtz (079 885 4206).

Let wel. Die Jeugdeputate rig ook **'n versoek tot ons**, nl. om 'n kartonhouer of deel van 'n kartonhouer met Bybels **te borg** om saam te neem vir uitdeel in Malawi

'n Kartonhouer van 20 Chichewa Bybels kos R3 000.
Fondse hiervoor kan in die volgende rekening inbetaal word:
Rekeningnaam: Jeugreëlingskomitee van die Gereformeerde Kerk
Rekeningbesonderhede: ABSA Tjekrekening
Rekeningnommer: 410 202 522
Takkode: 334 410
Verwysing: Malawi Bybels + kerk se naam

Gaan kyk op www.gkjeug.co.za onder die Skakel "Bybelplasingstoer na Malawi" vir meer inligting en om die video te sien van hoe so 'n Bybelplasingstoer werk. Volg die direkte skakel hier: www.gkjeug.co.za/kalender/bybelplasingstoer-na-malawi

VERVOLGING VAN CHRISTENE TANS

Volgens die jongste verslag van Geopende Deure wat die afgelope week bekend gemaak is, het die vlakke van vervolging van Christene oor die hele wêreld die afgelope jaar vererger vanaf 1 uit elke 12 Christene na 1 uit elke 9. In Asië is dit egter 1 uit elke 3, in Afrika 1 uit 6 en Latyns Amerika 1 uit 21 Christene.
Die top tien lande waar Christene tans die meeste vervolging ervaar het ietwat verander sedert die vorige verslag van geopende Deure. In rangorde is dit tans soos volg :
1 Noord Korea,2 Afganistan,3 Somalië,4 Libië,5 Pakistan,6 Soedan met Indië in die 10e plek.

Maar daar is ook goeie nuus

Geopende Deure sê: *Terwyl vervolging byna nie met "goeie nuus" vereenselwig kan word nie, sê baie Christene dat hulle ontberings dikwels ten goede meegewerk het deur die bestiering van die Here. Inderdaad, 'n sentrale bedieningsaktiwiteit van Geopende Deure is om teenwoordig te wees vir hierdie gemeenskappe wat swaarkry en om maniere te vind om plaaslike gelowiges meer onwrikbaar te maak. sodat hulle vervolging 'n geleentheid word om die Evangelie, "goeie nuus", te verkondig – dikwels op 'n manier wat nie moontlik sou wees onder meer vreedsame omstandighede nie.*

Meer hieroor in die volgende Waterkruik.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en

videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
André Els: 082 828 1910

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon deurgeskakel is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681
PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.

"Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie." (2 Petrus 1:10)